


# ST. PIERRE FOURIER

9 DESEMBER

(1565-1640)

A portrait of St. Pierre Fourier, a French educator and saint. He is depicted with a full, dark beard and mustache, wearing a dark, high-collared garment. The portrait is set against a dark background with a glowing, circular halo effect around his head.

Hierdie 'goeie Vader van Mattaincourt', soos hy bekend gestaan het na aanleiding van die dorp in Frankryk waar hy meer as 30 jaar lank onvermoeid as parogiepriester en sieleherder gewerk het, was 'n baanbreker op die gebied van die onderwys. Destyds was daar min geleenthede vir skoolopleiding op die platteland en hy het ingesien dat die regte tipe opvoeding die sleutel tot geloofsontwikkeling sowel as die verbetering van die samelewing is. Hy stig die Kongregasie van die Augustynse Kanunnikesse van Onse Liewe Vrou, nonne wat ook opgeleide onderwyseresse was.